justchad_cga


# *UIT DIE PEN VAN DIE CEO (22/15)*

*Justin Chadwick (12 Junie 2015)*


***GESEGDE VAN DIE WEEK "Wisdom is what's left after we have run out of personal opinion" Cullen Hightower***

## SITRUS WAT VROEËR EN LATER RYP WORD VUL DIE SEISONALE GAPINGS IN DIE SEISOEN

Die duidelike "shoulders" van die seisoen – d.w.s. die periode tussen die einde van die noordelike halfrond se sitrusseisoen en die begin van die suidelike halfrond se seisoen se voorsiening – begin om te verander soos produsente wêreldwyd herplant met variëteite wat vroeër en later ryp word. Hierdie periode, toe voorsiening laag was en aanvraag gewoonlik konstant tot goeie verdienstes in die verlede gelei het, het produsente aangemoedig om na variëteite te verander wat hierdie tekort vul. Onlangse syfers van die Mediterreense streek toon duidelik die stygende tendens in hierdie variëteite wat later en vroeër ryp word.




**Sagte sitrus uitvoere** vanaf die Mediterreense streek (Spanje, Italië, Frankryk, Turkye, Marokko, Algerië, Griekeland, Siprus, Tunisië, Israel, Gaza en Egipte) het tussen 2009/10 en 2014/15 in totaal met 21% toegeneem. Die toenames soos per maand toon dat uitvoervolumes ver meer as 21% in die later gedeelte van die seisoen toegeneem het. Alhoewel van 'n lae basis – sal hierdie tendens voortgaan om mededinging met vroeë sagte sitrus van die suidelike halfrond te verhoog.




**Lemoen uitvoere** vanaf die Mediterreense streek (Spanje, Italië, Frankryk, Turkye, Marokko, Algerië, Griekeland, Siprus, Tunisië, Israel, Gaza en Egipte) het tussen 2009/10 en 2014/15 in totaal met 25% toegeneem. Die toename soos per maand aangedui toon uitbreiding in beide variëteite wat vroeër en later ryp word, goed bó die 25% gemiddelde. Hierdie volumes is van 'n lae basis – maar die tendens sal ook mededinging verhoog met vroeër en later lemoene van die suidelike halfrond.

## VERANDERINGE BY CGA EN CITRUS ACADEMY

Diegene wat die CGA se kantore geskakel het sal weet dat ons 'n nuwe ontvangsdame het – welkom aan Sive Silo wat by ons van die begin van Junie aangesluit het.

Die Citrus Academy verwelkom vir Desiree Schonken terug. Die verlies aan Sam Louw wat geskuif het om sy eie besigheid te begin (alles van die beste Sam – ons gaan jou mis) is ietwat versag deur die terugkeer van Desiree wat sonder enige moeite by die Akademie sal inskakel.

## GEPAK EN VERSKEEP

As 'n aanduiding van die dinamiese aard van die mark, het die Sagte Sitrus Fokusgroep hul volumes wat hul voorspel het omgekeer – wys nou effense toename óór die aanvanklike skatting.

| Tot einde Week 22 Miljoen 15 Kg Kartonne | Gepak | Gepak | Gepak | Verskeep | Verskeep | Aanvanklike Skatting | Nuutste Voorspelling | Finaal Gepak |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **BRON: PPECB** | **2013** | **2014** | **2015** | **2014** | **2015** | **2015** | **2015** | **2014** |
| Pomelo's | 12.5 m | 11.1 m | 10.7 m | 8.6 m | 7.9 m | 15.3 m | 14.4 m | 15.6 m |
| Sagte Sitrus | 4.4 m | 5.3 m | 5.1 m | 4 m | 4.2 m | 10 m | **10.1 m** | 10 m |
| Suurlemoene | 6 m | 6.9 m | 7.8 m | 5.6 m | 6.3 m | 13.6 m | 13.6 m | 13.2 m |
| Nawels | 8.3 m | 7.5 m | 7.8 m | 3.8 m | 4.5 m | 25.1 m | 24.4 m | 26 m |
| Valencias | 0.8 m | 0.6 m | 0.4 m | 0.5 m | 0.1 m | 49.1 m | 49.1 m | 50.9 m |
| Totaal | 32 m | 31.4 m | 31.8 m | 22.5 m | 23 m | 113.1 m | 111.6 m | 115.7 m |